## BOEKBESPREKINGS.

AAGE BENTZEN, *Messias, Moses redivivus, Menschensohn.* Skizzen zum Thema Weissagung und Erfüllung (Abhandlungen zur Theologie des Alten und Neuen Testaments, hrsg. v. Prof. DR. W. EICHRODT und Prof. DR. O. CULLMANN, Nr. 17), Zürich, Zwingli-Verslag, 1948, 80 bls.

Die bekende Deense Outestamenticus van die Universiteit van Kopenhagen wie se Introduction to the Old Testament ons in afl. 3 van die vorige jaargang bespreek het, gee in bogenoemde studie 'n besonder interessante uiteensetting van die hooflyne van die Messias-verwagting onder die Ou Testament, vernaamlik aan die hand van die jongste Skandinawiese literatuur. Self verklaar hy op bl. 43 n. 2 dat bekendmaking van hierdie literatuur aan nie-skandinawiese kollega's 'n bykomende rede vir hierdie verhandeling is; en hulle sal kollega BENTZEN maar al te dankbaar wees vir hierdie diens. Dit is 'n dapper groep navorsers wat die drie Skandinawiese lande in die laaste tientalle jare opgelewer het, 'n des te interessanter groep omdat hulle onderling weer so uiteenlopende beskouings verteenwoordig. So is daar die Sweedse „Uppsala-skool", gevorm deur manne soos WIDENGREN, NYBERG en ENGNELL, wat uiters sterk die betekenis van die mondelinge oorlewering beklemtoon en die ritualistiese skool genoem kan word, waar hulle amper alle godsdienstige gedagtes en voorstellings verklaar uit die ritueel wat met die koningskap en besonderlik met die troonbestyging van die koning en die God-koning verbonde is. Daar is ook MOWINCKEL, die Noorse Outestamenticus wat veel sterker die betekenis van die skriftelike oorlewering benadruk en ook aan die geskiedenis sy groot rol in die vorming van die godsdienstige voorstellinge van Israel toeken. BENTZEN die Deen, neem meer 'n bemiddelende standpunt en mag graag min of meer ironies op ENGNELL se inkonsekwensies, diktatoriale beweringe en eksesse wys, al erken hy meermale die juisheid van insigte van sy jongere Sweedse kollega in spesiale gevalle.

Bentzen behandel eers die Messiasgestalte in die Psalms. Dit is volgens hom geen eskatologiese figuur nie maar die koning as „teenwoordige" Messias; dis volgens hom—en hierin sluit hy aan by die Uppsala-skool teenoor Mowinckel e.a.—geoorloof om die koningsvoorstelling in die Psalms Messiaans te noem omdat die koningsgestalte van die Psalms en die Messiasgestalte van die eskatologie albei heilbrengers, heilande, versekeraars van die heil vir hulle volk is. Die oud-Oosterse koning is na idee en aard 'n godmenselike figuur. So is hy dit ook in Israel, soos uit die Psalms sou blyk. Al die Psalms waarin die koningsfiguur voorkom, hetsy die „aardse" of die God-koning, is allereers vanuit die ritueel van die troonbestygingsfees te verstaan; sy stryd en moeite en sy vyande is uit die rituele patroon van die teenstand van die chaosmagte teen die God-koning te begryp en nie allereers politiek-histories nie. En Bentzen vind hierdie „Mesiaanse" koningsgestalte nie slegs in die Psalms wat die troonbestyging (of liewer die koningskap) van Jahwê besing nie (Ps. 93. 95–99 e.d.) maar ook in die sgn. koningspsalms wat na aanleiding van gebeurtenisse in die lewe van die aardse koning gedig skyn te wees soos Ps. 2, 21, 22, 45, 72, 110, 132 e.d.; selfs wil hy die klaagpsalms waarin die lydende regverdige spreek as koningspsalms verstaan (Ps. 3, 11–14, 22, 27 e.d.), namelik vanuit daardie stuk van die troonbestygingsritueel wat die koning voorstel as lydende en sterwende onder die bestryding van die chaosmagte. Uitgaande van 'n bespreking van die 2de Psalm probeer hy hierdie groot groep Psalms in te deel na hulle relasie tot hierdie „rituele stryd (of geveg)" nagelang hulle voor of tydens of na die stryd geplaas kan word.

Bentzen sluit hom hier nou aan by die Sweedse skool, maar erken met Mowinckel dat by Israel in onderskeiding van die omliggende volke, die koning nie as w e r k e l i k gesterf en opgestaan gedink is nie. Origens vind hy selfs in Ps. 132—waar van „al die moeite" van David gespreek word en van die soektog na die Ark in die land van die Filistyne—oud-Oosterse koningsritueel: die koning het die God wat na die „hel" van die Filistynse land gegaan het, te hulp gekom en voor Jahwê uit wat segevierend uit die vreemde land terugkeer, die weg berei! Met Hölscher en Mowinckel meen Bentzen dat die eskatologisering van die Messiasgestalte 'n produk is van die eksiliese en na-eksiliese Jodedom.

Bentzen wil egter die Messiasvoorstelling nie aan die koningsfiguur in enger sin bind nie. Dit is volgens hom juister om die koning te sien as „die groot mens", „die oermens" in wie die funksies van koning, priester en profeet oorspronklik verenigd lê. So vind hy die oorgang tot die tweede gestalte waarin die Messias in die Ou Testament voorkom: die van die kneg van Jahwê. In teenstelling met Engnell se opvatting soos in die Svensk Exegetisk Aarsbok 1945 (in Engels verwerk in die Bulletin of the John Rylands Library, vol. 31, nr. 1, Jan. 1948) gegee, wat ook die Ebed-Jahwê figuur van II Jesaja geheel uit die konings-

ideologie probeer verklaar, meen BENTZEN dat hier veelmeer die profetiese gestalte op die voorgrond staan, al mag daar stilistiese verbinding tussen die Ebed-Jahwê liedere en koningspsalms aan te. wys wees. Veral in Jes. 49 : 1–13 word die kneg van die Here geteken as 'n nuwe Moses, Moses redivivus. Die beskrywing in Jes. 50 : 4–11 laat hom beter uit die profetekringe en hulle „oefeninge" verstaan as uit die koningsideologie soos ENGNELL wil. Ook die beroemde laaste Ebed-Jahwê-lied Jes. 52 : 13–53 : 12 het volgens BENTZEN meer konneksies met die klaagpsalms van die lydende regverdige as met Tammuzliedere; die groot verskil met hierdie Psalms is egter dat hier die kneg van die Here as w e r k l i k gedood voorgestel word. Dit is die verrassend nuwe wat II Jesaja verkondig, dat die kneg uit 'n werklike dood verrys.

Teenoor ENGNELL verdedig BENTZEN met NYBERG die bedoelde „historiciteit" van die Ebed Jahwê en verklaar met NYBERG dat hierdie kneg meer 'n stamvader-figuur as 'n konings-figuur is, dat so ook die tegelyk individuele en kollektiewe opvatting van die kneg duidelik word en dat hy veral as 'n Moses- en Josua-gestalte geteken is en so ook netsoos Moses plaasvervangende lyde op hom neem. Dit is jammer dat BENTZEN hierdie aanneemlike bewysvoering bederf deur die opvatting dat II Jesaja in die Ebed-Jahwê-liedere self die taak van 'n nuwe Moses op hom sou neem: „Die Ebed-Jahwê is Deuterojesaja en Israel, die nuwe Moses („Messias") en die gemeente vir wie hy ten dode bereid is, in een persoon" (bl. 66 v.).

Die derde fase van die Messiasverwagting vind BENTZEN in die gestalte van die Menseseun van Daniël 7 waar die Messias 'n transcendente, hemelse figuur is. BENTZEN sien hierin 'n „wedergeboorte van die mite" van die godmenslike koning van die oud-Oosterse koningsideologie, weer opgeneem deur die laat-Joodse eskatologie. So onderskei hy drie Messiastipes in die Ou Testament: die van die segevierende koning, die van die lydende regverdige en die van die transcendente verpersoonliking van die Godsryk; al drie het onderlinge verband, is aspekte van die „oermens"-gestalte. En eintlik is die laaste beeld, die van die Menseseun die beste uitdrukking vir die hele inhoud van die Messiasgestalte. Al drie het hulle wortels ook in die buiten-Bybelse mitologiese koningsvoorstellings. „Jesus het alle aspekte van die oermensvoorstelling weer verenig en die ganse mitologie van die ou Ooste in die geskiedenis van sy vernedering en verhoging tot geldigheid gebring".

Daar is 'n groot rykdom van waardevolle gedagtes en suggesties in hierdie kort geskrif, wat tereg die ondertitel dra „sketse by die tema voorsegging en vervulling". Die sketsmatige is sowel die aantreklike as beswarende daarvan. Dat die stryd teen die chaosmagte by die troonsbestyging in Israel so'n groot rol sou gespeel het, is verre van bewese; tog is dit by BENTZEN eintlik die sentrale gebeure daarby. Sy opvatting van Ps. 110 : 3 (S. 14 f.) kan ek nie deel nie, nog minder sy verklaring van Ps. 132 met die dubbel motief van die koning en die Godkoning

se lyde en „hellevaart". BENTZEN ontkom self nie aan die gevaar waarteen hy meermale waarsku, om mitologiese of koningsideologiese voorstellings te lees in woorde wat vir die Israelitiese skrywer seker nie meer daardie inhoud gehad het nie (vgl. bv. sy juiste opmerkings bl. 23 n. 16, bl. 26 n. 19, bl. 50 n. 14, bl. 52 en 54). Ek dink hier aan wat Prof. BÖHL aangaande die Babiloniese Gilgamesj-epos en sy skrywer vermoedelik reeds uit die end van die 18de eeu voor Chr. opmerk: „Het probleem van leven en dood wordt (hier) losgemaakt van de koningsgedachte" (in „Het probleem van eeuwig leven in de cyclus en het epos van Gilgamesj", Mededel. Kon. Vlaamse Acad. v. Wetensch., Kl. d. Letteren IX, 3, Antwerpen 1948), bl. 20). As in Babel die „demokratisering" reeds so vroeg inset, selfs nog voordat daar 'n volk Israel bestaan, waarom moet ons Israel dan so aan die ou koningsideologie gebonde voorstel?

Dat die eskatologiese in die Messiasfiguur eers uit die tyd van die ballingskap en daarna sou dateer, is.m.i. instryd met die gegewens (vgl. reeds in die Bileamsspreuke Num. 24 : 17 „nie nou nie, nie naby nie"); trouens BENTZEN self erken dat reeds in Jes. 9 en 11 en Miga 5 eskatologisering van die koningsfiguur gevind word (bl. 72). By sy betoog dat die Ebed-Jahwê by die Tweede Jesaja veral na die tipe van Moses gevorm is, mis ek die verwysing na R. KITTEL wat in sy Geschichte des Volkes Israel een van die oortuigendste uiteensettings van hierdie opvatting gegee het.

Gedurig sal die vakgenoot vraagtekens set by besonderhede van BENTZEN se eksegese. Dit sal hom egter nie verhinder nie om sy Deense kollega dankbaar te wees vir sy uiters inhoudsvolle en gedagtewekkende studie waarmee ook die sistematiese teoloog met vrug sal kennis maak.

3 Mei 1949. B. GEMSER.

---

EMIL BRUNNER, *Kommunismus, Kapitalismus und Christentum* (heft 23, Kirchliche Zeitfragen). Zwingli Verlag, Zürich.

Die eerste hoofstuk van hierdie aktuele brosjure, is eintlik 'n voordrag wat Prof. BRUNNER verlede jaar voor die Ekumeniese Vergadering van Kerke in Amsterdam gelewer het. In hoofsaak handel dit oor dieselfde beginsels van sosiale geregtigheid as wat die auteur in sy vroeër gepubliseerde boek, *Gerechtigkeit*, uiteengesit het. Maar die onversoenlike teenstelling tussen Kommunisme en Kapitalisme aan die een kant en die Christendom aan die ander kant, word hier met skerper lyne geteken.

Die sentrale tema van die boek is dat én die liberalistiese Kapitalisme én die totalitêre Kommunisme 'n vernietiging van die menslike persoonlikheid en bygevolg van die gemeenskap bewerk. Albei maak van die mens 'n slaafse automaat. Hierteenoor is dit die opdrag van die Kerk om aan die mensdom die boodskap van die persoonlike God te verkondig wat wil dat die mens teenoor Hom en sy naaste sal staan in die persoonlike

betrekking waarop alleen die gemeenskap van die liefde gegrond kan wees. Alleen uit die Evangelie kan die waaragtige waardering van die persoonlikheid en daarom van die gemeenskap geleer word. Sonder daardie gemeenskap is die gemeentelike lewe en die viering van die Heilige Avondmaal sinneloos.

In die proses van die „ontpersoonliking" van die menslike wese en die menslike maatskappy, is die staatsmasjien die grootste en gevaarlikste faktor. Hoe meer mag en seggenskap die staat oor die indiwidu kry, hoe gevaarliker dit word vir die vryheid van die indiwidu en die gemeenskap. Die sisteem van staats-absolutisme, soos dit voorgekom het in die Fascisme en die Nasionaal-sosialisme en nog be-oefen word deur die kommunisme, is eenvoudig dodelik vir die persoonlikheid en die gemeenskap. Die bedreiging word verhoog deur die feit dat die moderne mens juis geneë is om al hoe meer en ongeoorloofde mag aan die Staat toe te sê in die hoop dat hy van die staat 'n gelyker bedeling sal kry asook beskerming teen die uitbuiting van die Kapitalisme. Vir die mens beteken dit eenvoudig die oorgang uit een slawerny in 'n ander wat erger is, want daar is geen slawerny so totaal as dié van die staats-absolutisme nie. En nog nooit in die geskiedenis van die wêreld is so 'n massale ontpersoonliking en gemeenskaps-vernietiging beleef as in ons tyd nie. Kapitalisme en Kommunisme, albei mens-verslawende magte, is per slot 'n tweeling; albei is 'n mags-oligargie.

Prof. Brunner wys met 'n paar vlugge maar raak tekeninge op die posisie en die plig van die Kerk teenoor enige van hierdie ontpersoonlikende en gemeenskaps-vernietigende sisteme. Die totalitêre staat is die grootste van alle sosiale euwels. Daarteen moet die Kerk hom met al sy krag verset. Die kreet van sosiale geregtigheid wat deur die Kommunisme ge-uiter word, is camouflage; sy uitleg van die geregtigheid, naamlik dat alle mense van die maatskappy gelyk moet wees en dat die nasionale inkome gelyk-op verdeel moet word, tussen die inwoners van die land, is bedrog. Die s.g. gelykheid bestaan daarin dat alle mense in die greep van die Kommunisme, gelykelik brand-arm is en gelykelik verslaafd is soos nêrens ter wêreld nie, terwyl 'n klein oppermagtige burokrasie swelg in die vettigheid van die land. Hierteenoor moet die Kerk kragtig „Nee!" sê. Allerlei voorgewende besware daarteen dat die Kerk hom sal verset teen die Kommunisme, word deur die skrywer op 'n oortuigende wyse ontsenu—veral die mite as sou die Christendom in sy wese self ook kommunisties wees. Die Kerk kan nie anders wees as wat sy aard en sy roeping is nie, namelik demokraties, en demokraties dan in die westerse sin van die woord.

Maar ewe-eens stel die Kerk 'n klinkende „Nee!" teenoor die Kapitalisme, Kapitalisme dan te verstaan nie in die Marxistiese sin nie, maar as die ekonomiese verslawing van die werkende massa's. Die Kerk moet alle ontoelaatbare magskonsentrasie en alle uitbuiting bestry. Die Kerk moet waak vir die vryheid van die persoonlikheid en die maat-

skappy. Hy moet sorgdra dat die regte motief ten grondslag lê aan die vorming van die persoonlikheid en de gemeenskap, namelik die liefde teenoor God en die naaste.

Na my oordeel het BRUNNER met hierdie beskouing op 'n heldere wyse die probleme van ons tyd gewaardeer en dit gestel. Maar miskien moes hy ook, gesien die feit dat die boek gegroei het uit 'n voordrag voor die Ekumene, nog 'n „K" tot die titel en die inhoud toegevoeg het en breedvoerig bespreek het, namelik die „Katholizismus"—bedoelend die Roomse Katholisisme, wat ewe mag-belus, absolutisties en persoonlikheid-vernietigend is as die genoemde staats-sisteme.

As 'n heldere en bondige waardering van die huidige politieke situasie ten gevolge van die „-isme's" en die houding wat die Kerk daarteenoor moet inneem, is hierdie werkie heelhartig aan te beveel.

A. S. GEYSER.

---

C. AALDERS, BARTHOLD VAN GINKEL EN P. TEN HAVE. *Altijd Zondag.* G. F. Callenbach, N. V. Nijkerk, 1948. Prys f 7.50.

Dat die ou Leerboek van die Kerke van die Hervorming, die Heidelbergse Kategismus, nie verouder nie en in die middelpunt van die belangstelling in ons tyd te staan kom, getuig die verskyning van hierdie boek. Ruim tien jaar gelede het daar van die hand van DR. OORTHUYS verskyn De Eeuwige Jeugd van Heidelberg. Heidelberg bly nuut. In nuwe gewaad staan dit weer hier voor ons. Deur die drietal skrywers word dit aangekondig as Handboek voor het Catechismus-onderricht, en in die doel wat die skrywers hulle gestel het, het dit uitnemend geslaag. Dit is die eerste deel van 'n behandeling van die Heidelbergse Kategismus, waarin die stof van Sondag 1 tot 24 uiteengeset word, met die belofte dat die tweede deel spoedig sal volg. Besonder onderhoudend is die wyse van behandeling. Elke Sondagsafdeling vang aan met 'n gedig uit die skat van Nederlandse religieuse poësie (hoe graag sou ons, al was dit maar 'n enkele aanhaling uit die Afrikaanse Psalm- en Gesangbundel hierin wou sien). Daarna volg 'n uiteensetting van die vraag en betreffende antwoord, vervolgens 'n parafrase van vraag en antwoord, enkele aanhalinge uit Bybel en Kerkboek, om afgesluit te word met vrae en aanwysinge uit die Skrif, wat aanspoor tot eie ondersoek, naslaan en formulering. „Uit die praktyk gegroei" noem die skrywers die boek. Ons sou wil byvoeg—bestem vir die praktyk, uitnemend bruikbaar vir die praktyk en mag ons vertrou, dankbaar gebruik van gemaak in die praktyk. Dit is helder-orienterend in die aangevoerde materiaal, vir leermeester en leerling. Fris en duidelik word die groot waarhede tuisgebring en ingeskerp. Ons dink aan Vr. 53 waar o.a. van die Heilige Gees gesê word „Het geloof in de H. Geest is het geloof *in God.* Daar legge men toch vooral de nadruk op. De H. Geest is God—God Zelf.

Hij is geen schepsel, geen uitvloeisel, geen eigenschap van God. Neen: het is God Zelf op een bepaalde wijze werkzaam en Zichzelf openbarende. Het is God, gelijk Hij het dichtst tot Zijn schepsel nadert". Ons haal aan uit Sondag 21 oor Die Kerk—„ De katholiciteit (algemeenheid) der Kerk word openbaar aan twee punten: 1. Waar de Kerk het nationale particularisme (dat meestal ook religieus particularisme betekent) doorbreekt. 2. Waar zij tegen alle relativisme en fanatisme in, vasthoudt aan haar gebonden zijn door de ene, enige, levende en eeuwige Waarheid Zelf, en deze waarheid proclameert, in haar ambtelijke bediening".

So sou ons kan aangaan en aanhaal uit elke bladsy—'n ware skat van kennis word ons hier aangebied in uiters pakkend en boeiende vorm. Met groot voordeel en vrug kan daarvan gebruik gemaak word in ons Kategisasieklasse en seker nie die minste by die prediking oor die Kategismus nie. Ons wens dit van harte aan te beveel by predikante, belangstellende lidmate, teologiese studente, kategisante en seer seker by die kategiserende ouderlinge in ons gemeentes. Ons kategetiese onderrig kan slegs daardeur baat.

E. S. MULDER.

---

DR. E. L. SMIT. *Beknopte Geschiedenis van het Christendom* (Derde Druk). Uitgewer: A. Voorhoeve, Rotterdam, 1948.

Hierdie derde uitgawe van die boek van Dr. SMIT is volgens 'n verduideliking van Prof. Dr. W. C. VAN UNNIK deur Dr. N. K. VAN AKKER hersien, omgewerk, en wat die slothoofstuk betref, bygewerk om die oorsig tot op datum te bring. Die derde uitgawe is onder toesig van Prof. VAN UNNIK uitgegee. In sy inleiding gee Prof. VAN UNNIK 'n paar redes waarom hy die boek baie geskik ag vir gebruik by die voorbereidende Hoër en Middelbare Onderwys. 'n Paar van hierdie redes wil ons aanhaal omdat dit so'n juiste waardering van die boek is. Hy sê: „Dit boek was geen uittreksel uit een groot handboek en stond niet opgepropt met feiten; de voornaamste personen en zaken waren hier zo vermeld, dat er inzicht in de ontwikkeling gegeven werd zonder overlading van het geheugen. In dit boek werden de grote lynen helder getrokken".

Die boek begin met 'n oorsig van die wêreldtoestande met die koms van Christus, en toon aan hoe God alles voorberei het om te help met die verspreiding van die Evangelie oor die hele wêreld. Daarna gee dit 'n beknopte oorsig van die vernaamste gebeurtenisse wat plaasgevind het in verband met die groei en uitbreiding van die Christelike Kerk, van die begin tot vandag. Die vernaamste verskilpunte ten opsigte van die leer, die afwykings van die erkende leer, sektes, strominge, ens., alles word in oënskou geneem. As ons sê alles dan bedoel ons dit meer ten opsigte

van die soort afwyking, verskil of sekte of stroming. Vanselfsprekend kon 'n oorsig van alles wat in die Christelike Kerk en oorals gebeur het, nie gegee word nie, dit sou boekdele beslaan. Dr. SMIT het werklik geslaag om die belangrike gebeurtenisse so in oënskou te neem dat hy die leser 'n goeie kyk gee op die Christelike Kerk soos hy deur die eeue gegroei het. Om hierdie rede kan ons die boek sterk aanbeveel. Of die boek geskik sal wees vir gebruik by die Bybelonderwys in die skole weet ons nie. Wat die onderwys van die Kerkgeskiedenis in die katkesasieklasse betref, dink ons dat dit wel baie geskik sal wees. Elke katkeseermeester, alle kerkraadslede, en baie belangstellende lidmate wil ons aanraai om hierdie boek aan te skaf. As ons in alle beskeidenheid 'n woord van kritiek mag uitspreek, dan wil ons gewagmaak van 'n gevoel van teleurstelling dat daar geen enkel woord voorkom van gebeurtenisse op kerklike gebied in Suid-Afrika nie. Waar 'n oorsig gegee word van die sending-aktiwiteite van die Christelike Kerk word ook niks gerep van die werk op die gebied in Suid-Afrika nie. Suid-Afrika met sy miljoene inboorlinge was tog altyd 'n groot arbeidsveld vir die sendingarbeid van baie sendinggenootskappe en kerke. Ons dink aan die Morawiese, Berlynse, Switserse, Londense en ander sendinggenootskappe, en ook die van die Ned. Geref. Kerke, en van die Geref. Kerk, en ook aan die van ons eie kerk. Mynsinsiens is dit 'n leemte. Dit neem egter nie weg dat die boek 'n uitstekende werk genoem kan word nie.

A. OOSTHUIZEN.

---

A. K. STRAATSMA, *Kent gij uw Bijbel ?* Dl. I, tweede druk, Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1948; Dl. II, ibid., sonder jaartal, Prys per deel 12/6.

Die welbekende Nederlandse skrywer van veel-gewaardeerde boeke oor stigtelike onderwerpe gee in hierdie twee dele vertellings oor die inhoud van die Bybel, soos dit eers oor die radio uitgesaai is.. Die eerste deel loop van die roeping van Abraham tot die dood van Josua, die tweede van die Rigters af tot die opneming van Elia.

Mens moet in hierdie vertellings natuurlik nie na nuwe insigte op eksegeties gebied soek nie. Daarvoor is hulle nie geskrywe nie. Maar wat die outeur ons bied is 'n frisse kyk op die ou verhale, en 'n brug tussen die verlede en ons lewe van vandag. Daarby het hy egter nie versuim om kennis te neem van wat die letterkundige en historiese ondersoek ons geleer het, sodat sy vertolking van die Bybelverhaal heeltemaal op 'n deeglike grondslag rus.

Daarom kan die leser hom nou ook met gerusheid oorgee aan die bekoring van die eenvoudige en lewendige verhaaltrant. Hierdie werk is 'n voorbeeld daarvan hoe mens populêr kan skrywe sonder om ooit vulgêr te word. Selfs die huislike stories waarmee die skrywer hier en

daar sy vertelling en betoog verlewendig val nie uit die toon nie. As 'n voorbeeld daarvan, te kostelik om dit aan ons lesers te onthou, mag hier 'n sitaat uit deel II p. 218 e.v. volg. Dit handel oor die geskiedenis van I Kon. 13 : 11–32:

> „Helaas laat die profeet uit Juda hom deur die beweerde Godsbevel bedrieg. Dis jammer dat hy nie die nugterheid gehad het van een van my amptgenote nie. Eendag kry hy 'n besoek van 'n onbekende man wat vir hom sê: „Ek het honderd gulden nodig en God het vir my gesê dat ek hulle van u sal kry". Daarop het my kollega geantwoord: „Ek weet dat God sy sake nooit halfpad laat staan nie. God sal dus ook vir my 'n opdrag laat kom; daar sal ek op wag en sodra as dit gebeur, sal u die honderd gulden kry".

Van harte beveel ek hierdie twee dele by ons lesers aan. Ook by die voorbereiding van Sondagsskool en Bybelvertelling op skool kan hulle nuttige dienste bewys.

A. VAN SELMS.

---

A. A. VAN RULER, *Droom en gestalte, een discussie over de theologische principes in het vraagstuk van Christendom en politiek.* Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1947. Prys 19/–.

Die resensent sit verleë met hierdie werk. In die eerste plek al omdat dit feitlik onmoontlik is om hierdie boek te bespreek sonder om die ander werke van die geleerde en vrugbare skrywer in die diskussie te betrek: boeke soos sy „*Religie en Politiek*", „*Visie en Vaart*", maar ook—om hom van 'n beter toeganklike sy te leer ken—sy stigtelike bundels. As tweede punt kom daarby dat die boek in sy opset en uitwerking in hoë mate bepaal word deur die Nederlandse politieke gedagtes en konstellasies, wat geen analogieë op Afrikaanse bodem het nie, en derhalwe vir ons lesers 'n al te breedvoerige toeligting sou vereis. In die derde plek moet die resensent erken dat daar in die woordgebruik van die skrywer—wat intussen kerklik hoogleraar geword het—veel is wat dit vir 'n buitenstaander buitegewoon moeilik maak om 'n helder begrip te kry van wat die skrywer wens.

Tog wil ons, al is dit as buitenstaanders, by hierdie boek 'n oomblik langer stil staan. Die boek verdien dit. En die skrywer verdien dit nog veel meer. Die boek is origineel, graaf diep en getuig van groot kennis. Die skrywer is besiel deur 'n hartstog en spreek met 'n oortuigingskrag, wat seldsaam is in die na-oorlogse Europa. Dit sal goed wees as ons lesers die naam, en liefs nog heel wat meer as die naam, van hierdie geleerde onthou. 'n Man wat soseer as hy gegryp—'n ander sal miskien sê: besete—is deur 'n idee, moet onvermydelik 'n faktor van betekenis word in die samelewing waar hy sy stem laat hoor. En

dit te meer, omdat die man self nêrens homself op die voorgrond skuiwe nie, maar altyd en rusteloos besig is om al sy kragte te wy aan die roeping, waardeur hy gegryp is.

Die sentrale werklikheid, waar al die werk van VAN RULER om draai is die teokrasie. Daardie woord moet nie verstaan word in dié sin, waarin sy smid, naamlik FLAVIUS JOSEFUS, dit gebesig het nie. Want in die Israel van die eerste eeu, waarin hy gelewe het, was dit in hoofsaak die priesterhierargie wat die aardse uitbeelding van die teokrasie nagestrewe het, en daar is amper geen groter misverstand ten aansien van VAN RULER denkbaar as om te beweer dat hy 'n klerikale staatsvorm sou voorstaan nie. VAN RULER dink veel meer aan die Mosaiese wetgewing as aan die Makkabese of watter historiese vervulling dan ook.

In hierdie verband sou mens graag aan VAN RULER 'n paar vrae stel. Die eerste is wel hierdie, of die teokrasie vir ons in hierdie bedeling wel ooit iets anders kan wees as wet Gods, dat wil dus sê 'n eis en belofte, wat die bestaande magte onder die oordeel stel, en die menselike gedagte voortjaag na die eschatologie. Die vervulling is 'n eschatologiese genade. GOGARTEN het êrens opgemerk, dat as alles onder die oordeel gebring word, niks meer onder die oordeel staan nie. Ek betwyfel die waarheid van hierdie geestige uitspraak. Om die oordeel van God te hoor, is dit nie nodig om self dit te kan hanteer nie. Die sin van die sondebelydenis is die eer van God—wat ook deur die sondigheid wat aan elke sondebelydenis kleef (Heidelberger Katekismus vr. 62) nie aangetas word nie: Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, s o d a t U r e g v e r d i g k a n w e e s a s U s p r e e k , r e i n a s U g e r i g h o u (Ps. 51 : 6). Word die eer van God meer gedien deur 'n benadering op aarde van die Ryk van God of deur die belydenis van sonde ?

Die alternatief is miskien nie heeltemaal dwingend nie; maar in die praktyk bring die verwerkliking van die teokrasie tog wel die gevaar van selfgenoegsaamheid baie naby. Die Fariseër, wat geen rower, onregverdige, egbreker of volksverraaier (tollenaar!) is nie, en boonop 'n uitstekende voorbeeld gee van askese en kerkediens, lyk heel wat digter by die verwerkliking van die teokrasie as die tollenaar. Maar die laaste gryp na die eschatologiese moontlikheid—sonder om te weet dat dit inderdaad een moontlikheid is—as hy roep: O God, wees my, sondaar, genadig! En dan blyk op eenmaal die teokrasie as eschatologiese moontlikheid digter naby as wat die ooit langs die pad van die vervulling van die gebooie sou kan kom.

Daarmee hang dan 'n tweede vraag saam. As die teokrasie 'n eschatologiese grootheid is, mag dit dan anders op die aarde optree as net as prediking? In hierdie verband is dit miskien van nut om te let op die sosiaal-politieke kant van die prediking van die O.T. iese profete. As mens hul eise in verband met die sosiale lewe probeer om saam te vat, kom jy tot die konklusie dat hulle hul tyd nie, soos vaak gedink

word, vooruit was; inteendeel hul het agteruit gekyk na die minder gekompliseerde landbou- en veeteeltmaatskappy, wat deur die internasionale handelsbetrekkings van Israel versteur is. Met ander woorde „prakties" was hul eise seker nie. Dit doen egter niks af van die waarde van hul prediking nie, want ten aansien van die maatskappy is dit in wese negatief: hul kondig die oordeel aan, hul verwys na die einde, en hoe negatiewer hul prediking is, des te positiewer is die waarheid van God, waarheen hulle verwys en wat in die oordeel openbaar sal word. Maar as mens die verwysing na die oordeel as 'n minder belangryke element gaan behandel, kry die skaarse „praktiese" eise van die profete 'n onregverdige oorwig: hul verloor hul verband met die eschatologie en die resultaat is 'n kleinlike en al te dikwels verspotte konserwatisme.

In die derde plaas: as die teokrasie hier op aarde nooit iets anders kan wees as eschatologiese prediking nie, het ons dan wel die reg om na een geskiedkundige verskynsel te verwys as 'n vervulling, nie van die „wil des besluits", maar van die „wil des bevels" van God? Dis hier dat die skrywer wel die meeste bedenkings by sy lesers sal wakker roep. Die beskouwing omtrent die Europese en Amerikaanse geskiedenis as verwerkliking van die ryk van God kan gemaklik geparodieër word. Dieselfde geld van sy betoog omtrent die koloniale vraagstuk. Die verlede van die resent bewys wel, dat hy 'n positiewe waardering vir die Nederlandse bewind in Indonesië het; maar dit beteken nog nie dat hy daarin 'n stuk verwerkliking van die Godsryk sien nie. Om dit 'n oomblik met 'n bede om ekskuus vir die oordrywing—so uit te druk: die skrywer kom hier digter by die Mohammedaanse teologie as by die Evangelie. Dit is mos tiperend vir die teoloë van die Islam dat terwyl hulle ook die onderskeiding van die „wil des bevels" en die „wil des besluits" ken, die „wil des bevels" by hulle veel minder as by die Christelike teologie die karakter van genade, heilsopenbaring, dra. As VAN RULER skrywe: „Midden in de schepping staat dan het kruis. En op het kruis liggen de sleutel en het zwaard". (p. 170), dan voel mens hom baie ver van Golgotha, waar aan die kruis die Seun van God hang, die kerklike maghebbers met hulle „sleutel" Hom uit die wêreld uitsluit, en 'n soldaat sy sy deurboor. Ek skrywe: baie ver; maar mens sou ook kan sê: baie naby; want ook die teokratiese staat, wat sy swaard van die kruis af haal, sou in sy aardse verwerkliking medewerk aan die kruisiging van die Seun van God.

VAN RULER weet al hierdie dinge ook wel, en kan hulle oneindig beter onder woorde bring as die resensent. Ek dink b.v. aan die pragtige bladsye 138 e. vv. Maar hy bly daar nie by staan nie, hy gaan nogtans verder. Waarom? Omdat hy God verder sien gaan. Maar dit is nie so seker dat ons daarom ook verder mag gaan nie. Die outeur sal dit ongetwyfeld as „Theologische preutsheid" beskou; hy gebruik daardie term 'n paar keer, in verband met wat hy—nie heeltemaal hoffelik

nie—die „Barthianen" noem; maar 'n term, hoe bondig en onvergeetlik dit ook mag wees, is nog nie 'n argument nie.

Tenslotte nog twee opmerkings. Die een is gerig tot die skrywer. Sy werk is deur en deur Nederlands, kom voort uit 'n goed-Nederlandse tradisie; mens hoef maar net die name van GROEN en HOEDEMAKER te noem. Dit is die krag van die werk—maar ook sy swakheid. Dit kan van onskatbare betekenis vir die skrywer wees, om Nederland in sy gedagtes met die buiteland te omring, liefs deur self 'n paar jare in 'n ander samelewing, b.v. Noord Amerika, te vertoef. Om die woorde van 'n Nederlander uit heel ander lewensfeer te siteer: „Ik zou U eens willen raden: reis eens. Treed buiten uw kringetje . . . Dwaal des noods, vergis u, maar ontwring u aan het kringetjie". (COUPERUS in sy polemiek met ROBBERS).

Die ander opmerking is vir ons lesers bedoel. Die lektuur van hierdie boek verg van 'n Suid-Afrikaanse teoloog geen geringe inspanning. Maar dis 'n inspanning wat ryk beloon word, ook al kan mens nie met alles saamstem nie, ook al sou mens tenslotte met niks wil saamstem nie. As iemand in Afrika, pleks van altyd maar weer woorde soos „Christelik-nasionaal" te herhaal, wil ondersoek wat eintlik die verhouding van Christendom en politiek, van Kerk en Owerheid, kan wees of moet wees, sal hy nie beter kan doen nie as hom eers 'n jaar met VAN RULEN te onderhou. En as 'n politikus hier eens regtig hom sou wil voorberei op 'n loopbaan as staatsman, dan sou mens hom nie 'n beter raad kan gee nie as om saam met 'n teoloog en 'n boek van VAN RULER die bosveld in te trek.

Illusies? Maar Kerk en Staat kan alleen gered word deur 'n wonderwerk van toewyding en gehoorsaamheid, sowel in die land van VAN RULER as hier by ons.

A. VAN SELMS.

---

DR. O. NOORDMANS, *Het Koninkryk der Hemelen.* Uitg. G. F. Callenbach, Nykerk, 1949, Prys 9/6.

By die uitgewer G. F. Callenbach te Nykerk verskyn 'n reeks geschrifte as toeligting van die Heidelbergse Kategismus. Ons kan hierdie reeks ten sterkste aanbeveel by ons predikante, en alger wat in die onderwys van die Heidelberger belangstel. Verskillende persone werk hieraan mee, en van die bekende Amsterdamse predikant DR. G. OORTHUYS het „De Sacramenten" reeds die lig gesien, waarin hy 'n toeligting op Sondae XXIII tot XXXIII gee. En nou het daar van die hand van DR. O. NOORDMANS 'n toeligting op Sondae VII tot XXII onder die naam „Het Koninkryk der Hemelen" verskyn, van die Sondae dus waarin oor die Twaalf Artikels, die Apostoliese Geloofsbelydenis, gehandel word.

Interessant is die opmerking inverband met vraag 44 van die kategismus wat oor die nederdaling van die hel handel. NOORDMANS wys daarop dat daar by die Reformatore 'n groot skugterheid was oor hierdie gebeurtenis, maar hierdie skugterheid en soberheid, hoe prysenswaardig ook, mag tog nie die *verborgenheid* van die godsaligheid vergroot nie. Daar is trappe of grade van die vernedering van Christus in die Apostoliese Geloofsbelydenis, en by hierdie trappe vorm die nederdaling 'n klimaks. Maar by die verklaring van CALVYN wat ook deur die Kategismus gevolg word, deur die nederdaling op die helse kwelling en die lye aan die kruis te laat sien, gaan die klimaks verlore. As ons by die nederdaling na die hel verder gaan dan by die begrawe, dan bely ons daarmee ten eerste dat die nederdaling na die hel die hoogste uiteensetting is van die volbrenging van die openbaring van Christus in die vlees. Ten tweede, dat hy sy middelaarswerk ook teenoor die dood en dodes voortgesit het. En ten derde, dat ook hierdie werk plek het in die sfeer van die geregtigheid waarin die koninkryk van die hemele openbaar word. Hier wys NOORDMANS op iets baie belangriks, op 'n verborgenheid van die godsaligheid wat ons nie mag verwerp nie, maar waarvoor ons die hoof moet buig. Wie sal sê wat gebeur het tussen die dood en die opstanding van die Heer!

By die vraag oor die opstanding van die vlees wys NOORDMANS dat vlees hier op die hele mens sien. Graag het ons gesien dat hy hier uitvoeriger was. Dit word in ons tyd helaas mode om te sê dat die onsterfliksheids gedagte van die siel 'n Griekse gedagte is, net as of dit nie juis 'n geloof is wat met nadruk op die Skrif rus nie. Die gelowige christelike gemeente het altyd op grond van die getuienisse van die Skrif die onsterflikheid bely en troos daarin gevind dat die siele van hulle wat in Christus ontslape is, *terstond* na hierdie lewe tot Christus, hulle Hoof, opgeneem sal word, soos in die antwoord op vraag 57 van die Heidelbergse Kategismus geleer word. En Ds. OORTHUYS sê tereg in sy „De Eeuwige Jeugd van Heidelberg": „Geen wonder, dat bij zoo duidelijke getuigenissen de gemeente zich den troost niet rooven laat van de eeuwige zaligheid terstond na dit leven".

DR. NOORDMANS haal ten slotte die volgende vers van LANGE aan wat hy eenkeer van sy leermeester PROF. GUNNING in 'n preek hoor siteer het:

Ook de sluim'ring heeft haar graden,
Ook zijn trappen heeft het graf;
Eerst in 't eind daalt 's Heeren engel
Tot d' ontel'bre doden af.
Maar de heil'gen rijzen vroeger
Uit des aardrijks koelen schoot,
Waar zij minder diep in zonken,
Want zij waren minder dood.

Nogmaals, ons hoop dat hierdie geskrif van Dr. Noordmans net soos die wat reeds in hierdie reeks oor die Kategismus verskyn het en nog sal verskyn, hulle weg in ons land en onder ons leserskring in ruime mate sal vind.

S. P. Engelbrecht.

---

Dr. G. C. Van Niftrik, *De Belijdenis Aller Eeuwen.* Uitg. T. Wever, Franeker, 1949. Prys 12/6.

Dit is 'n verblydende iets dat daar in Nederland soveel belangstelling in dogmatiek is as wat teenswoordig die geval is. Daar verskyn dan ook baie dogmatiese studies. Voor ons het ons die genoemde geskrif van Dr. Van Niftrik, wat 'n korte verklaring van die Apostoliese Geloofsbelydenis wil wees. Die skrywer sê die dinge op frisse wyse en is baie onderhoudend, kort en saaklik. Hy behoort gelukkig nie tot daardie groep van Nederlandse teoloë wat op die mees breedsprakige wyse hulle onderwerp behandel. Onlangs het ons verneem van 'n teoloog wat 'n dogmatiek in twintig dele gaan skryf! Van Niftrik mis al daardie breedsprakigheid. Neem byvoorbeeld wat hy oor die nederdaling na die hel skryf. Dit is kort, en tog leer die leser hoe daar in die loop van die tyd oor hierdie verborgenheid gedink is.

Tog moet ons sê, dat ons met hierdie geskrif, hoe voortreflik ook, nie onverdeeld instem nie. Die skrywer is Barthiaan, en hy maak dieselfde fout waar baie Barthiane hul aan skuldig maak, deur te maak of daar geen verskil is tussen die afwykende beskouings van Barth en die „belijdenis aller eeuwen". Neem b.v. die opvatting van Dr. Van Niftrik dat die siel van die mens nie onsterflik sou wees nie. Dan word gemaak asof die Bybel dit nie sou leer nie en word gesê „wie de wederopstanding des vleses belijdt, belijdt *niet* een leven na de dood, en belijdt *niet* een ziel, die als een soort vlinder van het graf wegfladdert en dan naar de hemel gaat om daar onsterfelijk voort te leven". Kyk, dit is te erg. Die Kerk van alle eeue het wel deeglik die opstanding van die vlees bely, maar ook tegelyk „een leven na de dood" bely, maar nooit 'n siel wat as 'n soort vlinder van die graf na die hemel wegfladder nie. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus word gesê dat toe Lasarus gesterf het die engele hom weg gedra het na die boesem van Abraham, waar die ryk man hom gesien het toe hy in die doderyk terwyl hy in smarte was, sy oë opgehef het. En toe Jesus gesterf het, het hy met 'n groot stem uitgeroep en gesê „Vader, in u hande gee ek my gees oor!" En hieraan het die Kerk van alle eeue deur die „Belydenis aller Eeuwen" altyd vasgehou, en met die beeld van die soort vlinder wat wegfladder van die graf maak Dr. Van Niftrik 'n karikatuur van van wat die Christelike Kerk altyd bely het. Die Westminsterse Konfessie van 1647, die laatst groot Reformatriese Belydenisskrif, dink dit

as volg uit: „Die liggame van die mense keer na die dood weer na die stof en sien verderfenis; maar hulle siele, wat nooit sterf of slaap nie, het 'n onsterflike substansie en keer terstond na God wat dit gegee het".

Daarom, hoe voortreflik hierdie geskrif van DR. VAN NIFTRIK ookal is, moet daar op sommige plekke vraagtekens geplaas word. Hy het verlede jaar 'n boek uitgegee onder die titel „Een Beroerder Israels" waarin hy enkele hoofgedagtes in die teologie van KARL BARTH wil weergee en sonder kritiek sy beskouings propageer, onder andere sy wederdoperse verwerping van die kinderdoop. Dit is gevaarlik en moet vroeër of later 'n beroering bring.

S. P. ENGELBRECHT.

---

ALBERT KUIT, *'n Kommandoprediker*. Uitg. J. H. de Bussy, Pretoria, H.A.U.M., Kaapstad, 1948. Prys 12/9.

Die heer KUIT het verskillende geskrifte die lig laat sien waarin hy 'n beeld vasgelê het van sommige aspekte van ons Transvaalse verlede, van toestande wat verby gegaan het en waarvan die teenswoordige geslag hulle nie sonder moeite 'n voorstelling van kan vorm nie. Die bogenoemde geskrif van hom wat verlede jaar verskyn het, deel ons een en ander mee uit die lewe van Ds. J. M. Louw van Boksburg, toe hy kommandoprediker was by die Republikeinse Burgermagte in die Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902. Die belangrikste is die gewone dagboek van Ds. Louw vanaf 12 Oktober 1899 tot 7 Junie 1902, dus tydens die hele oorlog. Die dagboek is baie beknop, graag sou mens gesien het dat dit uitvoeriger was. Maar dit vorm 'n belangrike bron van die geskiedenis van daardie dae, en ons is die heer KUIT dankbaar dat hy dit gepubliseer het, en vir die bekwame wyse waarop hy dit gedoen het. Hierdie geskrif sal sy weg onder ons Volk vind, ons hoop ook onder ons lesers.

S. P. ENGELBRECHT.

---

Ds. E. R. O. RICHARD, *De Heraut van de Koning* (Bibliotheek van Boeken bij den Bijbel), Bosch en Keuning, Baarn, 1948.

'n Omvattende werk wat oor die persoon, werk en lewensverhoudinge van die unieke, eensame, selfs tragiese figuur, Johannes die Doper handel, was daar vir die algemene leser voorheen nie. Die uitgewers het goed gekies toe hulle hierdie boek van Ds. RICHARD in hul „bibliotheek" opgeneem het. Hoewel populêr gestel, blyk uit die inhoud al heel gou dat die skrywer hom ten volle vergewis het van al die materiaal wat op sy onderwerp kan lig kon laat val. Hy het kennis geneem van die gegewens uit Talmoed, Apokriefe, en buite-Bybelse skrywers, soos JOSEPHUS. Hy stel by netelige probleme ook dikwels die opinies van verskillende ondersoekers om dan die na sy oordeel mees aanneemlike

by die leser aan te beveel. Ons kan nie altyd saamstem met sy keuse van 'n uitleg en 'n opinie nie—soos byvoorbeeld in die geval van die moeilik verstaanbare verklaring van die Doper: „En zelf wist ik niet van Hem" (Joh. 1 : 31*a*) op bls. 116 vv.; ons is bowendien van oordeel dat hierdie metode, om telkens verskillende opinies te stel, die vlotte leesbaarheid en daarom „populariteit" van die boek benadeel. Dit neem egter nie weg nie dat dit deeglike en insiggewende werk is.

Af en toe mis mens konkreetheid in die behandeling soos byvoorbeeld wanneer die outeur na aanleiding van die verklaring van die engel aan Sagaria „jou gebed is verhoor" (Luk. 1 : 13) oordeel dat dit sien op die kinderlose priester se gebed om 'n eie seun (bls. 11). Op bls. 17 kom die skrywer egter—en dit lyk my sonder dat hy daarvan bewus is—veel nader aan die korrekte verklaring: Die gebed van Sagaria wat verhoor is, betrek hom op die heil van Israel, op die koms van God's Koninkryk, die Messias.

Ons sou die outeur ook nie gelyk wil gee nie wanneer hy uit Joh. 1 : 19 en 24 wil opmaak dat twee verskillende deputasies na die Doper gekom het, een uit die sanhedrin en die ander uit die Fariseërs (bls. 99 vv.). Hy volg hier blykbaar die lesing van die Textus Receptus t.o.v. Joh. 1 : 24 wat dan lui: „En díe (hoi) wat gestuur was uit die Fariseërs, het hom ook gevra . . ." Dis egter nie die besbetuigde en ook nie die aanneemlikste lesing nie. Ons moet aanneem dat daar maar een afvaardiging na die Doper gekom het.

Maar die aangrypende van die Doper se persoon en werk, die tragiek van 'n mens wat weet dat hy minder moet word en Hy wat ná hom kom meer moet word; die tragiese van die lewens-einde van die laaste profeet van die Ou Testament en die aankondiger van die Nuwe, het die skrywer nie ontgaan nie. Raak en eenvoudig sê hy: „Nu zijn verkondiging haar diepte- en hoogtepunt bereikt heeft, is het menslikerwijs gesproken tragisch dat deze aflossing zo spoedig haar beslag zal krijgen." Oor Johannes se sterwe in die kerker verklaar Ds. RICHARD, „Zyn Woord, ‚ik moet minder worden' gaat dus tot het uiterste in vervulling".

Vir 'n simpatieke verstaan van die persoon van Johannes, 'n deeglike ontrafeling van die probleme wat sy lewensgeskiedenis besit, meen ons, kan hierdie boek met vrug gelees word.

A. S. GEYSER.

---

PROF. DR. S. F. H. J. BERKELBACH VAN DER SPRENKEL en P. J. ROSCAM ABBING, *Handboek voor de Prediking*. Deelen I (Het Kerkelijk Jaar) en II (Bijzondere Dagen en Gelegenheden). Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1948.

Gesamentlik van 'n omvang van 1,000 bladsye, bevat hierdie werk sekerlik die volledigste bewerking van die predikingsstof en beginsels

wat nog ooit in die nederlandse taal verskyn het. Mens probeer ook tevergeefs om dit te vergelyk met 'n dergelike publikasie in ander tale, want daar is nie 'n ander voorbeeld van so'n onderneming nie.

Die kenmerkende van die Hervormde Kerk is dat dit van die begin af die prediking van die God's Woord in die middelpunt gestel het; daarom heet haar dienaars ook „predikant". Die skrywers verklaar dat in Nederland hierdie bewussyn deur die oorlog nog meer ingeskerp is. Uit hierdie oorweging, om mee te begin, verwelkom ons so 'n deeglike stuk werk.

Deel I begin met 'n prinsipiële beskouing oor die prediking as praktyk, die reg en die nut van die indeling van die Kerklike jaar en die ordening van die predikstof daarvolgens. Op hierdie grondslag is die eerste deel ook saamgestel uit die onderdele, *Anno Domini*, en *Anno Ecclesiae*. Die eerste, handel oor die prediking ten tyde van die Advent, Kersfees, Passie, Kruisiging, Opstanding, Hemelvaart van ons Here, Pinkster en Trinitas.

Onder *Anno Ecclesiae* word die prediking oor die vroegste geskiedenis van die Kerk tot die Laaste Dag ingedeel in prediking oor die Handelinge van die Apostele, die Apostoliese briewe, die Ou Testament en die Laaste Dinge.

Deel II, Bijzondere Dagen en Gelegenheden, wil voorsien in die leiding van die ryke skakering waarin die lewendige prediking van die lewende Kerk hom moet ontplooi. Só word hierdie deel weer onderverdeel in prediking *in temporibus* — tydsprediking — d. i. op die ou- en nuwejaarsdag, bid- en dankdae, Hervormingsdag en op die Sendingsdag (by ons Kerk dusver helaas nie in gebruik nie); die prediking *in actibus*; d.i. by geleentheid van die bediening van die sakramente en die liturgiese verrigtinge soos bevestiginge; dan volg die prediking *in modis*, d.i. die aanwending van die predikingspraktyk vir besondere doelstellinge—Bybellesing, kategismus-prediking, meditasie en evangelisasie; en laastens, die prediking *in casibus*, d.i. vir uitsonderliker gevalle van die sielsorg, t.w. die prediking as jeugdiens, vertroosting van hoogbedaagdes, siekes en gevangenes, die prediking voor militêre en studente. As 'n appendix, maar dan 'n onmisbare appendix, is nog toegevoeg 'n kapittel oor die gebruik van die Bybel by die sielsorg.

Sonder om ooit meganies te word, is die algemene metode van behandeling van elke onderafdeling om eers te besin oor die aard van die betrokke geleentheid en dan in samehang daarmee, die karakter van die daarby gepaste prediking te bepaal. Dit word opgevolg deur enkele kort voorbeelde van die bedoelde prediking, „homiletische schetsen". Die behandeling word vervolledig met 'n aparte gedeelte, „Liturgische Advies" en 'n literatuur-opgaaf vir die prediker wat meer wil weet en wil lees oor die betrokke gedeelte. Ek wil as illustrasie neem Dr. M. H. Bolkestein se hoofstuk oor, „De Prediking op het Pinksterfeest". Die genoemde prinsipiële behandeling begin met die

erkenning van ons verleentheid met die pinksterprediking ten gevolge van ons armoedige pneumatologie; dit onderstreep terselfdertyd die noodsaaklikheid van die troosryke prediking oor die Trooster en die eis om die gemeente voor te lig in die regte kennis van die Gees as persoonlike mag en nie as natuurkrag nie. Die uitstorting van die Gees op die Pinksterdag, staan daar in sy historiese verband as teenbeeld van die toringbou van Babel. Die eerste spreke is ordenend en versamelend; die van Babel was disordenend en verstrooiend. En eindelik, in die lig van Hnd. 2 : 17 (Joël 2 : 28) moet die Pinksterprediking eschatologiese prediking wees.

Ter illustrasie van die bedoelde, laat die outeur hierop volg, drie voorbeelde van die prediking asook 'n proewe van Melanchthon se gebed tot en om die Heilige Gees. Om die „verleentheid" van die Pinksterprediking te verminder, volg daar buitendien nog 'n stuk of dertig tekste wat in hul verband tot Pinkster vir hulself spreek.

Dan volg die reeds genoemde liturgiese advies, wat die prediker nie anders as tot sy eie verryking sal lees nie, asook 'n tot-op-datum volledige literatuur-opgaaf.

Met ewe-veel instemming en waardering sou ons elke onderdeel van hierdie werk kan behandel; maar dit spreek vanself dat selfs in hierdie bestek van 1,000 bladsye, die rykste funksie van die Kerk, haar prediking van die Woord, nog nie volledig behandel kan word nie. Dit is byvoorbeeld lank nie te verwag dat PROF. HAITJEMA in die kort bestek van 30 bladsye die principia van die Katechismus-prediking volledig kon behandel nie; maar dat hy dit met die ruimte tot sy beskikking meesterlik gedoen het, is ongetwyfeld. En dit moet ons sê van hierdie hele werk. In inhoud en uitvoering is dit meesterlik.

A. S. GEYSER.

T. M. GILHUIS, *Isolement èn Apostolaat. Bijdrage tot beantwoording van de vraag: De christelijke staatsschool of De vrije christelijke school?* H. Veenman & Zonen, Wageningen, s.j. (1948), 104 pp., 4/-.

Die alternatief waaroor hierdie boekie handel blyk duidelik uit die ondertitel; vir die Afrikaanse leser is dit miskien nie oorbodig nie om daarop te wys dat „vry" in hierdie spraakgebruik beteken: nie uitgaande van die staat nie. Dit beteken dus nie, dat op die christelike skole wat hier bedoel word vryheid van sedelike of godsdienstige norme voorgestaan word nie; ook nie, dat hierdie skole hulle nie sou onderwerp aan die eise wat die staat stel aan die intellektuele element in die opvoeding nie; en net so min dat hierdie skole nie van die staatsgeld gebruik sou maak nie. Die woord „vry" is hier dus op dieselfde eienaardige manier gebruik as in die bekende woordverbinding „Vrye Universiteit".

Daarmee is al iets aangegee van die sfeer waarin hierdie boekie geskrywe is. In wese is die posisie wat die skrywer oor die skoolvraagstuk inneem dieselfde as wat van Gereformeerde kant sedert die dae van KUYPER altyd verdedig is. Mens merk dit uit 'n uitspraak soos die van p. 54: „Uit de natuur der Overheid, wier taak het is de chaos te temmen, volgt in 't minst niet, dat het geven van onderwijs op haar terrein zou liggen." Hier word geen woord van nader bewys aan toegevoeg nie. Maar in Kerke waar die Nederlandse Geloofsbelydenis in onverkorte vorm gehandhaaf bly, rys onmiddellik die vraag: en art. 36 dan? Juis die ontwikkeling van die laaste twintig jaar het ons duidelik geleer dat die denkbeeld van 'n „neutrale staat" onmoontliker en gevaarliker is as die ideaal van 'n „Christelike staat".

Daarmee hang saam, dat die reg van die ouers om die opvoeding van hul kinders te reël — netsoos onlangs ook hier te lande deur die hoogleraar WATERINK van die Vrye Universiteit — deur die skrywer veel te absoluut gestel word. Kerk en Owerheid het altwee van God 'n opdrag in hierdie wêreld, ook ten aansien van die opvoeding van die nuwe generasie. Mens mag nou speel met feitlik niks-seggende terme soos „soevereiniteit in eie kring" — in werklikheid deursny die kringe mekaar; en ook, ja veral, as ouer moet ek die godlike opdrag van Owerheid en Kerk eerbiedig. Die Here se *via ordinaria* in die heilsplan met my en my kinders loop deur die terreine van Staat en Kerk.

Mens moet ook in hierdie geval die skrywer weer toewens, deur studie of persoonlike aanskouing die wêreld buitekant die Nederlandse grens te leer ken. Dan sal hy ontdek dat daar nog ander moontlikhede is as wat in Nederland verwerkelik of selfs maar onderken is. Daarmee is nie bedoel, wat b.v. die Suid-Afrikaanse stelsel in Nederland ingevoer sou moet word nie. maar wel dat die blik op die buiteland die skrywer daarvoor sou kan bewaar om al te spoedig in prinsipiële vraagstukke 'n beslissing te neem op grond van die historiese situasie.

Daarmee het ons tegelyk egter op die waardevolle element in hierdie werkie gekom. Dit is in hoofsaak histories georiënteer en in die weergawe van die standpunte van die groot voorgangers van die Christelike onderwys in Nederland het ons die outeur op sy bes. Hy gee 'n reeks van uitmuntende sitate, wat bewys dat hy die literatuur oor hierdie onderwerp, wat wyd en syd versprei lê en soms moeilik toeganklik is, volkome beheers. 'n Besonder woord van lof kom toe vir die manier waarop hy ook aan die voorstanders van 'n andere moontlikheid as die „Vrije christelijke school", soos GROEN aan die begin en einde van sy loopbaan, HOEDEMAKER, VAN RULER, die „Hervormde Raad voor Kerk en School", reg laat weervaar het.

Daarom wil ons hierdie boekie van GILHUIS van harte aanbeveel by almal hier in Afrika wat aan die diskussie oor „Chr. Nas. Onderwys" deelneem. Dit is 'n uitstekende aanvulling by OOSTERLEE se *„Geschiedenis van het Christelijk Onderwijs"*.

'n Paar sinsteurende drukfoute moet vermeld word: p. 15 staan „mogelijkheid" waar „onmogelijkheid" bedoel is, vgl. p. 67; „immer" op p. 24 sal wel „nimmer" moet wees. 'n Selfde agteloosheid kom hier en daar ook in die styl tot uiting; op p. 42 vind ons die sin: „Men kan dit betreuren — er op hopen, er om bidden zelfs — maar men heeft het feit eenvoudig te aanvaarden." Ja, van 'n „Hoofd ener school" betreur ons 'n dergelike slordigheid; ons weier egter om dit eenvoudig te aanvaar, en ons hoop in die toekoms op die teëndeel.

A. VAN SELMS.

DR. J. SCHONEVELD, *God en zijn wereld, Het boek Jona*, H. Veenman & Zonen, Wageningen, s.j., 114 pp., 7/-.

'n Heldere en aangenaam leesbare populêre uitlegging van die boek Jona. Die skrywer, predikant van die Hervormde gemeente te 's Gravenhage, het uit die praktyk van sy bediening geleer om hom duidelik en belangwekkend uit te druk. Deur sy Assirologiese studies is hy in staat om hier en daar die Ninevietiese agtergrond van die boek duidelik te kenskets.

Wel kan daarby 'n opmerking gemaak word. Die skrywer verklaar self, dat in Jona se dae Nineve nog nie die omvang bereik het wat dit deur die bouwerksaamheid van Sanherib gekry het. Maar elders in dieselfde boekie (p. 66) beskrywe hy tog Nineve soos dit na Sanherib gelyk het. Ook moet ons na die kritiek van G. QUISPEL in *Jaarbericht Ex Oriente Lux*, 1939, p. 172-174, 'n vraagteken set by die vereenselwiging van Tarsis met Tartessus.

Ons mis in die boekie van SCHONEVELD 'n vertolking van die tedere humor, wat een van die kosbaarste elemente in die boek Jona is. Origens niks as lof vir hierdie saaklike uiteensetting. Dit kan ons help by die prediking, veral ook die heenwysings na die Christus.

A. VAN SELMS.